

# Kalaharia uncinata

E: cat’s claw A: wilde tabak, Rooi-wag-‘n-bietjie



In sandgrond soos Kalaharisand en Omahekesand in die noordoostelike dele van Namibië kan ons in Julie, Augustus en nog in September hierdie pragtige struikie sien blom, dikwels langs die pad (bv. tussen Gobabis en Grootfontein). Die blomme is helder rooi en word na die sentrum toe oranje-geel. Soos dikwels het mooi blomme ook maar hulle nukke: hierdie plant het skerp krom dorings wat by die blaarsteeltjies wegkruip. As jy ‘n tak wil afbreek, haak dit vir jou, van daar die engelse naam *cat’s claw*.

Aangesien dit in die droë seisoen blom, waar daar nie juis ander blomme te siene is, is dit vir bye en voëltjies ‘n waardevolle voorsiener van nektaar. Vir veldbewoners soos die San gee dit dan ook nog die vrugte wat geëet kan word. Hier op die foto is dit nog groen (begin September afgeneem), maar die vrugte word later donker, ek vermoed pers-swart, gesien het ek nog nie.



By die hele Afrika-bevolking, waar hierdie plant voorkom, word dit vir medisinale doele gebruik: *‘n pint (amper ½ liter) tweekeer per maand gedrink as voorbehoedmiddel *’n aftreksel van die wortel word by keelseer gegorrel *beroking met’n mengsel gedroogde en fyn gemaalde wortels van wilde tabak en duiwelsklou help teen lumbago (Hexenschuss) *teen slangbytvergiftiging word vars blare gekneus en op die bytplek gesit *blykbaar word die hele liggaam van ‘n vrou deur herhaalde was met wortel- en/of blaaraftreksel van Clerodendrum uncinatum gereinig, sodat sy opnuut met ‘n skoon lyf kan swanger raak.

Daar is nogal min veldplante wat met sulke helder rooi groterige blomme kan spog, ‘n vreugde vir die oog!

Inligtingsbronne: Wild flowers, Waterplants and Grasses of the Oavango Delta and Kalahari (Veronica Roodt)
Inheemse plante van Suidwes-Afrika (Algemene benaming …gebruike…) PJ le Roux
Heil-, Gift- und Essbare Pflanzen in Namibia (Eberhard von Koenen) Alex Dreyer (**dankie!**)
Teks en fotos: Anka Eichhoff September 2017